**Droogskoonmaak-diens.**

Bring u Klere vir Droogskoonmaak na ons

Klere wat u Maandae inhandig kry u Vrydae terug.

**Die Eikestadwinkel**

(Edms.) Bpk.

PLEINSTR., STELLENBOSCH

DIE

# Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL IV, No. 15. VRYDAG, 16 JUNIE 1944. PRYS 1d.

**VILJOEN**

se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.

*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*

ONTHOU — in Pleinstraat *Net langs Suikerbossie.*

# Op Vooraand van Johannesburgse Studente-Werkerskongres

## Besonderhede i.v.m. die A.N.S se Elfde Jaarlikse Byeenkoms

**Alle reëlings is reeds min of meer in die haak vir die A.N.S. se Studente-werkerskongres wat oor twee weke in Johannesburg begin. Die Sekretariaat van die A.N.S. het aan ons die volgende voorlopige besonderhede verstrek i.v.m. hierdie Elfde Jaarlikse Kongres:**

1. Die Kongres vergader van Maandag, 3 Julie, tot Donderdag, 6 Julie, elke dag vanaf 9 v.m. in die Eendragsaal, h/v. Harrison- en Jutastrate, Johannesburg.

2. Benewens die 50-tal afgevaardigdes en besoekers van die verskillende A.N.S.-takke, word die Kongres ook amptelik bygewoon deur verteenwoordigers van die verskillende Afrikaanse Studenterade oor die land heen, asook van 'n aantal ander studenteverenigings, soos die Stellenbosse Bantoestudiekring.

Soos in die verlede het die A.N.S. ook uitnodigings gerig aan talle dosente en lede van die publiek wat sy werksaamhede jaarliks met belangstelling volg.

3. Hoofsprekers wat die besprekings sal inlei, is:

**Dr. S. P. van der Walt,** vooraanstaande Afrikaanse leier in Johannesburg op die gebied van arbeidersake.

**Mnr. Ben Schoeman,** die bekende deskundige op die gebied van arbeidswetgewing.

**Dr. Erika Theron,** van U.S., wat 'n hoogs belangrike bydrae sal lewer oor 'n ontleding van 'n tipiese arbeidersgemeenskap.

'n Hele aantal **Werkers** verteenwoordigende die verskillende bedrywe.

Ten slotte sal die A.N.S. se Erepresident, **dr. Hans van Rensburg,** die sluitingsrede waarneem.

4. Hierdie studie-werksaamhede word aangevul deur arbeidsdiens gelewer deur die Kongresgangers en deur besoeke aan myne, fabrieke en werkersgemeenskappe.

DIE A.N.S. NOOI ALLE BELANGSTELLENDES HARTLIK UIT OM DIE VERRIGTINGE TE KOM BYWOON EN AAN DIE BESPREKINGS DEEL TE NEEM.

## Dr. R. W. Wilcocks herbenoem as Rektor

**Met baie groot genoeë wens „Die Matie" daarvan melding te maak dat die Universiteitsraad op sy jongste vergadering besluit het tot die herbenoeming van dr. R. W. Wilcocks as Rektor van die Universiteit vir 'n verdere termyn van vyf jaar, nl. vanaf 1 Januarie 1945 tot 31 Desember 1949.**

Na die dood van dr. W. Blommaert in 1934 is dr. Wilcocks in sy plek gekies as Voorsitter van die Senaat, maar nog in dieselfde jaar het die Universiteitsraad besluit om die pos van Voorsitter van die Senaat te vervang deur dié van Rektor van die Universiteit. Die betrekking is toe aan dr. Wilcocks aangebied, en wel vir die termyn 1 Jan. 1935 tot 31 Des. 1939. Hy het die betrekking aanvaar en is in 1939 herbenoem vir die volgende termyn van vyf jaar.

Sovèr ons van buite kan oordeel was dit 'n baie gesonde besluit van die Raad om die Voorsitter van die Senaat, wat telkens slegs vir twee jaar deur die Senaat gekies was, deur 'n Rektor te vervang wat vir vyf jaar benoem word. Die Rektor het meer kontinuïteit, moontlik meer gesag, bewegingsvryheid en geleentheid om sy inisiatief te laat geld.

Maar dit was ook 'n baie gelukkige keuse wat die Raad gedoen het deur dr. Wilcocks tot die pos te benoem. Na ons verstaan was daar nog altyd 'n baie harmonieuse samewerking tussen hom en die Raad aan die een kant en die Senaat aan die ander kant. Hy het geblyk 'n goeie skakel te wees. Ook die studente van die Universiteit kan getuig van sy goeie samewerking met hulle, danksy sy belangstelling, welwillendheid en tegemoetkoming.

Sedert dr. Wilcocks se benoeming in 1935 het die Universiteit enorm uitgebrei, sowel in getalle as in werksaamhede, en baie van die nuwere uitbreidings is aan sy inisiatief en energieke leiding te danke.

Ook teenoor *Die Matie* het dr. Wilcocks steeds 'n welwillende houding aangeneem, en *Die Matie* wens hom ook vir die nuwe ampstyd die nodige gesondheid en kragte toe.

## Die Stryd teen die Kommunisme

### Stellenbosch Berei voor vir A.N.S.-Kongres

Die voorneme om nie alleen die Kommunisme te beveg nie, maar in die plek van kapitalistiese uitbuiting van die werkers van ons land 'n gesonde **Afrikaner-Sosialisme** te stel, het geblyk uit die A.N.S.-vergadering wat verlede week in die C.S.V.-saal deur mnr. Wynand Louw en prof. A. H. Murray toegespreek is.

Mnr. Wynand Louw het gewys op die noodsaaklikheid daarvan om die arbeiders in die vakbonde onder Afrikaanse leiding te organiseer. As ons hulle nie organiseer nie, doen ons volksvyande dit. Met hierdie doel voor oë is die Nasionale Raad van Trustees in 1936 gestig. Maar reeds het die kommunistiese agitators 'n groot voorsprong gehad en kon hulle met behulp van aktiewe propaganda vanuit Rusland al die sleutelposte in die vakunies deur deur volksvreemde kommuniste vul. Daarteenoor het die Afrikaanse werker nog nooit die geleentheid gehad om 'n **Afrikaanse** vakbond-gees te ontwikkel nie, maar was hy nog altyd van Joodse en Engelse vakunionisme afhanklik. Ook is hy deur die beginsel van geslote geledere of deur dreigemente gedwing om onder hierdie vreemde leiding by die bestaande vakunies aan te sluit.

Hierdie toestand van sake maak dit noodsaaklik om die Afrikaanse arbeidskragte so te organiseer dat hulle by die volkslewe ingeskakel word. Te meer omdat die huidige industriële stelsel noodwendig 'n **klasseverdeling** in die hand werk. Die arbeider word stelselmatig van die res van die gemeenskap afgesonder.

Met hierdie feite voor oë, is dit verstaanbaar dat daar vandag 'n hele bende Afrikanerdogters, wat reeds in Moskou opleiding gaan ontvang het, aktief besig is om vir die kommunisme propaganda te maak en vir die werkers die middele te probeer skep om georganiseerd teen die kapitalistiese base te kan optree.

Dit is dus dringend noodsaaklik dat ons met die oog op arbeidsorganisasie nie alleen maar die kommunisme gaan beveg nie ,maar veeleer die positiewe gedagte daarteenoor gaan stel en die werkers weer in ons volksgeheel opneem. Ter illustrasie het mnr. Louw die mooi voorbeeld genoem van wat in die Paarl gedoen word met die organisasie van tekstelwerksters in 'n vereniging onder die Nasionale Raad van Trustees.

### KIND VAN DIE 19e EEU

Die kenmerk van prof. Murray se rede was sy uiteensetting van die ontstaan en opkoms van die kommunisme, gebore uit die verbrokkelde maatskappy van die vorige eeu. In die feit dat die kommunisme 'n kind van die 19e eeu is, lê die verklaring van sy krag èn van sy swakheid. Die 19e eeu is nl. gekenmerk o.a. deur: *armoede*, as gevolg waarvan die kommunisme alle krag op die materiële aspek van die lewe konsentreer; die identifikasie van *besit* met *regering*, die gebruik van die staatsmag om arbeid onder dwang te hou — daarom trek die kommunisme te velde teen die staat; *die gebrek aan aanpassing van die kapitalisme by masjien-produksie;* die *ewolusieleer*, wat die noodwendigheid van die koms van kommunisme skyn te verkondig met sy leer van ontwikkeling en vooruitgang; *ekonomiese inter-afhanklikheid en die imperialisme* — dus die idee van 'n wêreldbroederskap: die arbeiders oor die wêreld heen is één,

EN DIT DUUR VOORT!

In sy wese is die kommunisme dan niks anders nie as 'n projeksie van die 19e-eeuse probleme oor die hele geskiedenis. Maar die verbrokkelde maatskappy bestaan vandag nog, soos duidelik blyk as 'n mens let op toestande b.v. in Engeland en die V.S.A. met hul geweldige verskille tussen inkomstes van verskillende dele van die bevolking. Daardeur kom die bestaan feitlik van twee „nasies" teenoor mekaar binne dieselfde staat.

Teen hierdie agtergrond het prof. Murray ontleed wat die Kommunisme dan teenoor die verbrokkelde maatskappy van die moderne demokrasie bied, en 'n kragtige veroordeling uitgespreek veral van die kommunisme se materialisme en internasionalisme, wat lynreg bots met ons lewens-uitkyk. Teenoor die Kommunisme stel ons die organiese gemeenskap. Wat die vakunies betref wat vandag deur die Kommunisme oorrompel word— ons moet die eenheid van die vakunie nie verbreek nie, maar hom van binne af hervorm en onder die regte leiding kry, en hom by die gemeenskap inskakel.

Prof. Murray het sy boeiende rede afgesluit met 'n ernstige beroep op die studentejeug om nie maar slegs te velde te trek teen die Kommunisme nie, maar los te kom van die 19e-eeuse opvattings en die regte positiewe idee te stel in die plek daarvan.

INSPAN, UITSPAN, ONTSPAN by die UITSPAN

*Melktert, Tuisgemaakte Pasteitjies, Koesisters, Pannekoek - - - -*

Boeretroos na Boeresport.

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
DIE BESTE DIENSTE

Skeer-Lemmetjies
Pakkie van 5, 9½d,
In karton-dosies van 20 pakkies van 5 lemmetjies elk, 15/10
HORLOSIES
Ons het 'n wonderlike keuse van beste en gewaarborgde Switserse Armband-horlosies
VANAF £1-1-0 TOT £7-0-0
R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

APTEKERS
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
JOERNING en SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Die Plaza
Foon 0013.
LASSIE COME HOME
RODDY McDOWALL
Vrydag en Saterdag
16 en 17 Junie
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

Goeie Raad!
Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
Ons hele Staf is tot u diens!
Pro Ecclesia-Drukkery
Pastoriestraat, Stellenbosch.

DIE MATIE
Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
Die Matie Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.

Deel IV. 16 Junie 1944. No. 15.

## HET ONS DIE REG OM AFRIKANEREENHEID TE SABOTEER?

Wanneer ons bogenoemde vraag wil beantwoord moet ons eers duidelikheid kry oor die vraag: *Wat is Afrikanereenheid?*

Dit is 'n bewuste of onbewuste drang by Afrikaners om mekaar te erken en te respekteer en 'n wil om saam te werk en saam te staan in sake rakende hulle volk, hul land hulself en alles wat by hul gemeenskaplik is. Indien daar nie daardie spontane gevoel is nie, dan kan dit omskryf word as die verpligting wat op elke Afrikaner rus om met sy medeafrikaner wat deur baie bande aan hom gebind word, saam te werk, hom te respekteer en sy opregte strewe in belang van sy volk en land te erken.

Dit is nie alleen 'n drang en verpligting nie maar 'n praktiese belewing van die *beginsel van liefde, verdraagsaamheid en ordentlike erkentlikheid* van dit wat goed en reg is in die strewe van medeafrikaners selfs waar daar klein punte van verskil mag wees. *In kort dit beteken om in belang van die volk saam te staan.*

As dit dan Afrikanereenheid is, vra ons onsself af *deur wie en hoe word dan hierdie noodsaaklike en tewens enigste Christelike en Nasionale houding gesaboteer?* Dit word gedoen deur volksgenote wat weet dat die enigste redding van ons volk in eenheid lê, en tog hul bydrae tot die nasionale stryd beperk tot verdagmakery, beskindering en die verongelukking van elke poging van medeafrikaners om iets positief te doen vir hul volk. Dit word gedoen deur medeafrikaners wat weier om hul morele steun te gee aan 'n saak wanneer dit dit kom van persone wat in hoofsaak maar miskien nie in fyn besonderhede soos hulle voel nie. Dit is persone wat weier om 'n geleentheid te baat te neem om te presteer saam met hul medeafrikaners as so 'n geleentheid hom voordoen. Dit is persone wat eenheid verkondig maar dit nie beoefen nie en daardeur die eenheidsgedagte verongeluk.

Alhoewel dit 'n onsinnige vraag is, mag daar tog persone wees wat vra *waarom Afrikanerheid nie mag saboteer word nie.* Hierop is die antwoord voor die hand liggend.

*Eerstens:* Omdat ons in 'n organiese volksgedagte glo; die gedagte dat volksgenote in die verlede saam gegroei het en daarom in die hede deur die basiese bande van bloed, kultuur, godsdiens die vaderlandsbodem en die geskiedenis saamgebind word. Omdat ons daarom 'n gemeenskap vorm waarin nie elke indiwidu 'n losstaande enkeling is nie, maar 'n noodsaaklike deel van 'n geheel.

*Tweedens:* Omdat ons lot dieselfde is en *alleen deur ons moet bepaal word.* Indien ons nie as eenheid saamstaan nie sal ons geen seggenskap hê in die bepaling van ons toekoms nie en nog minder in staat wees om ons ideale te verwesenlik en ons eie stempel af te druk op die ontwikkeling van ons land nie. Ons lotsgemeenskap dwing ons dus om altyd en oral saam op te tree.

*Derdens:* Omdat dit konsekwente uitlewing van die Christelike beginsel van liefde en nasieskap is.

Indien ons weier om eenheid te bevorder dan mag ons nie praat van Christelikheid en liefde nie.

*Vierdens:* Omdat dit die enigste praktiese beleid is wat vir die Afrikaner oopstaan om sy vryheid te bekom en sy ideale uit te leef. Dit is onnodig om op die gevare wat ons bedreig te wys om die erns van die eenheidsgedagte te besef. Ons noem Kommunisme, die swart gevaar, die verdere verknegting deur die imperialisme, die swart skaduwee van die kapitalisme, godsdiensloosheid, en nog meer. Dit is ook onnodig om op ons landsprobleme te wys en die omvang daarvan om te besef dat alleen deur saam te werk ons in 'n kans staan om dit op te los. Dink net aan die naturellevraagstuk, die kleurlingprobleem, die ekonomiese probleme, die Jodeprobleem, ens, en vra uself af of ons in 'n kans staan om hierdie probleme op te los as ons nie saam staan nie.

Eenheid kan ons alleen bevorder deur 'n lewensbeskouing aan te kweek en te bevorder. Omdat dit dan 'n geestelike en opvoedkundige probleem vir ons is behoort elke persoon by homself te begin. In sosiale kringe, studenteorganisasies en op die breë studenteterrein moet ons begin. Nie alleen moet elke persoon dit verkondig nie maar eenheid prakties uitleef. Wee die Afrikanerstudent wat studenteeenheid en volkseenheid verongeluk. So 'n persoon sal teenoor sy gewete en volk tot verantwoording geroep word.

Die A.N.S. beywer hom vir studenteeenheid en skep die geleentheid vir samewerking. Wat is die antwoord van die Afrikanerstudente wat nie by die A.N.S. is nie? Indien u afsydig staan wat is u rede?

*Die A.N.S. weier om langer die erfgename van Afrikanerverdeeldheid te wees en ons steek elke dag ons hand na u uit. Wat is u antwoord? Ons wag daarvoor!*

# Die Oorlog.

## Die Angel-Saksiese Inval.

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,
Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Sedert ons laaste artikel oor die oorlog geskryf is, het daar twee gebeurtenisse van betekenis plaasgevind. Die een is die inname van Rome en die ander is die Angel-Saksiese landing op die Normandiese kus van Frankryk. Met betrekking tot eersgenoemde kan net gekonstateer word dat die Ewige Stad met sy uiters waardevolle kultuur-historiese skatte vir die Westerse beskawing van die verwoestings van die oorlog gespaar gebly het. In hierdie oorlog van grootskaalse vernietiging van waardes wat met die oorlogsvoering as sulks eintlik niks te doen het nie, is dit 'n geluk dat die Duitsers van Rome nie 'n oorlogstoneel gemaak het nie. Voorts kan die woorde van die Engelse blad ,,Daily Herald" maar net onderstreep word: ,,Die pad na Rome was swaar, maar die paaie na Berlyn waarlangs die Geallieerdes spoedig sal beweeg, sal nog swaarder wees."

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Met betrekking tot die veelbesproke en lang verwagte Brits-Amerikaanse landing in die Weste sal dit op hierdie stadium van die inval gewaag wees om kommentaar te lewer. Op die oomblik staan dit vas dat die Geallieerdes onder beskerming van sterk see- en lugstrydmagte, daarin geslaag het om op die Normandiese kus aan die Seinebaai te land, 'n kushoof daar op te rig en dit verder te versterk en uit te brei. Hierdie kushoof tussen die twee groot Franse hawestede van Le Havre en Cherbourg, wat nog albei in Duitse besit is, beskik oor geen veilige hawens nie wat vir 'n werklike inval in Europa absoluut noodsaaklik moet wees. In mooi weer en op 'n gladde see kan landingsondernemings met ligte landingsbote aan die vlak en gelyke Normandiese kus wel met sukses uitgevoer word. Met die weer en see stormagtig, iets wat in hierdie streke geen seldsame natuurverskynsels is nie, sal dit nie alleen met die landing van nuwe troepe nie, maar veral met die voorsiening van die Brits-Amerikaanse invalsleër moeilik gaan. Dit begryp die Geallieerdes se leërleiding natuurlik net so goed en beter as iemand anders Vandaar dat verwag kan word dat die Geallieerdes alles in hul vermoë sal doen om Le Havre, Cherbourg en ander veilige Franse seehawens in hul besit te kry. Hiersonder sal 'n werklike inval in Frankryk altyd 'n uiters gewaagde onderneming bly, ofskoon die versterking van die Geallieerde troepe in Frankryk met mense en materiaal deur middel van ligte bote en deur die lug nie onderskat moet word nie.

Daar kan geen twyfel bestaan nie dat die Duitsers op die oomblik oor meer soldate en krygstuig in Noord-Frankryk beskik as die Geallieerdes in hul kushoof. Die probleem vir die Duitsers egter bestaan daarin dat hulle waarskynlik nie weet of die huidige inval die werklike inval is nie en of ander en groter invalle nie voor die deur staan nie. 'n Verskuiwing en konsentrasie van Duitse strydmagte teen die invallers in Normandie kan moontlik Geallieerde landings en invalle in ander dele van Frankryk vergemaklik. In Brittanje self immers is daar genoeg Geallieerde troepe en materiaal voor hande om van die verskuiwing van Duitse strydmagte in Frankryk die volste gebruik te maak. Hierdie onsekerheid aan Duitse kant sal waarskynlik verminder namate hulle oortuig word dat die inval in Normandie meer as 'n grootskaalse skyninval is. Op die oomblik lyk dit waarskynlik dat ons binnekort van groter Geallieerde landingspogings nader aan Berlyn sal verneem.

Die Geallieerdes se kushoof in Frankryk is nog maar enige dae oud en voorspellings is, soos hierdie oorlog al so dikwels bewys het, uiters gewaag. Dit staan egter vas dat die Geallieerdes tot dusver nie alleen daarin geslaag het om 'n kushoof op te rig nie, maar ook om hierdie kushoof verder uit te brei en te versterk. Die gevegte daar moet besonder bloedig wees en 'n mens kan aanneem dat die verliese van die invallers baie groter is as dié van die verskansde verdedigers. Die invallers is baas op die see en in die lug, maar die groot vuurmonde van die oorlogbodems kan alleen kusgebiede bestook en 'n oppermagtige lugmag kan nie orals en altyd die oppermag voer nie. Gedurende die vorige en huidige wêreldoorloë kry ons baie voorbeelde van landings en invalle. Sommige hiervan was suksesvol soos die landings van die Japanners in die Ooste, van die Duitsers in Noorweë en Kreta, die Geallieerdes in Noord-Afrika, Sicilië en Italië. Sommige landings was egter ook volslae debakels soos dié by Dieppe van verlede jaar en veral dié by Gallipoli van die laaste oorlog.

(Vervolg op bls. 3, kol 1)

## OP DIE KANSEL

*Moederkerk:*—
10.30 v.m.: *Nagmaal*—Ds. Louw.
4.15 n.m.: Proefpreek—Teol. Kand. F. A. Kock.
7 n.m.: Ds. Louw.

Nuwe Kerk:—
10.30 n.m.: Dr. Snyman.
7. n.m.: *Nagmaal*—Dr. Snyman.

Rook Springbok-Sigarette

## KOLLEKTELYSTE VIR MOEDERTAALSTRYDFONDS

Ons is ongelukkig al 'n bietjie agter met ons kollektes, daar dit 31 Mei al moes ingelewer gewees het. Dit beteken dat ons nou sal moet gou maak om darem nie nog langer oor die datum te gaan nie.

*Sal ons wat kollektelyste het dit dan asseblief so gou moontlik inbring. Ons sal bly wees as ons al die lyste in die loop van hierdie naweek kan ontvang. Dit kan by die ondergetekendes ingehandig word of by mnr. M. N. Krynauw, R.D.B.-kantoor.* Let asseblief daarop dat al die lyste moet terugkom, al is daar ook geen bydraes op nie.

Langs hierdie weg wil ons ook almal wat gekollekteer het baie, baie dankie sê. Al wat ons kan doen is om dankie te sê, maar neem dit asseblief as die „dankie" van u volk. Ook vir die studente wat bygedra het: baie dankie; ons glo dat u offer nie vrugteloos sal wees nie. Die lyste wat tot dusver ingekom het, het ons verwagtings oortref.

Ook baie dankie aan *Die Matie* wat met die hele veldtog hom tot ons beskikking gestel het en meegehelp het.

G. K. WAHL,
„House of Lords."
S. P. BOTHA,
Dagbreek.

## DIE OORLOG.

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

Vergelykings van die huidige landing in Noord-Frankryk met vroeëre landings kan erg misleidend wees. By vergelykings moet alle faktore in aanmerking geneem word. Die versoeking is egter groot om die huidige landing in Frankryk met dié van Gallipoli te vergelyk. In beide gevalle het die huidige Britse premier 'n vername rol gespeel. In beide gevalle het die Geallieerdes oor 'n oppermagtige seemag beskik sowel as oor 'n oormag van mense en materiaal. In beide gevalle was die landings self suksesvol. By Gallopili het die Geallieerdes maandelang hul stellings gehandhaaf om tog eindelik, na vreeslike verliese, die gebied vergoed te ontruim. Vir die huidige inval kan so 'n uiteinde op hierdie stadium van die oorlog nie voorspel word nie. Daar is allerlei nuwe faktore wat vandag geld. Die Angel-Saksers is feitlik nog vars in die oorlog. Hulle het tot dusver baie goed maar betreklik weinig bloed aan die Oorlogsgod geoffer. Veel sal afhang van die houding van die volke in die besette lande. Nog meer sal afhang van die houding van Stalin. Op die oomblik het ons nog niks van 'n opstand in die besette Europa teen die Duitsers verneem nie. Ook aan die Russiese front lyk dit nog alles stil. Die waarskuwings van Churchill en Stimson, Amerikaanse oorlogsminister, aan hul volke teen oor-optimisme en oor-pessimisme in verband met die huidige inval skyn dus verstandig te wees.

* * *

Die afgevaardigdes van Stellenbosch se Studenteraad na die A.N.S.-Kongres is mnr. E. H. Botha en mnr. Berthold Pauw.

* * *

Die A.N.S.-Taksafgevaardigdes is die Taksleier, mnr. S. P. Botha, mejj. Brigette Papendick en Martina Roos, mnre. A. du Plessis, W. Groenewald en H. S. Marais.

*Vir die maak van u volgende*
Paar Sandale
Stewels
Skoene
BESOEK
**LUBBE**
*die deskundige skoenmaker en repareerder*
Foon 440

## BOEREORKES GAAN TOER

As 'n voorloper vir die toer is 'n konsert op 16 Junie gereël te Eppingtuindorp. Hierna lê dan nog 'n harde week van oefening voor, voordat Stellenbosch se puik orkes vertrek vir hul toer deur die Rand.

Ontsaglike moeite is gedoen om die toer te reël, maar ten spyte van die moeilikhede wat voorgekom het soos geen spoorwegkonsessie aan die geselskap, vervoer en huisvesting van die lede, meen Oom Pietie tog dat dit geslaagd sal wees. Die plekke wat besoek sal word sluit in Bronkhorstspruit, Parys, Kroonstad en Pretoria en 'n totaal van 10 opvoerings sal gehou word. Hopelik sal 'n gratis vertoning aan die kinders van die Langlaagte Weeshuis gegee word.

Die nuus is ontvang dat die 33 orkeslede wat gaan toer die voorreg sal hê om te luister na en tegelykertyd die hulp te geniet van die gouemedalje sangeres, mev. Hennie Klopper, by 'n paar van hul opvoerings.

*Die Matie* wil langs hierdie weg weereens die groot werk van Oom Pietie en sy orkes om geld vir die Reddingsdaadfonds in te samel sterk onder die studente se aandag bring en hul ondersteuning daarvoor vra. Aan Oom Pietie self, 'n baie geslaagde toer!

## CALV. KONGRES

*Donderdag, 29 Junie, vind die jaarlikse kongres van die Federasie van Calv. Studenteverenigings plaas op Potchefstroom, in die P.U.K. vir C.H.O.*

*Afgevaardigdes van die takke te Stellenbosch, Bloemfontein, Johannesburg, Pretoria (Buitemuurs) en Kaapstad sal teenwoordig wees.*

*Dié kongres het 'n groot agenda en sal belangrike sake bespreek.*

**HENDRIKZ**
Foon 95.
vir
* Elektriese Benodighede
* Radio en alle Elektriese Reparasies
Langs Voortrekker Apteek
ANDRINGASTRAAT

## WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om hou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

**Darters**
Pleinstraat, Stellenbosch
*Vir waarde in*
* Boeke
* Skryfbehoeftes
* Kunsmateriaal

## MUSIEKPROGRAM

*Sondagaand, 8.15.*

Die Musiekvereniging bied 'n program van populêre simfoniese Musiek.

1. Beethoven: „Egmont"-Overture.
2. Debussy: Klavierwerke:—
(a) Die Versonke Katedraal.
(b) Tuine in die Reën.
3. Mozart: Arias:—
(a) Aria van die Nagkoningin.
(b) Serenade uit „Don Giovanni."
4. Schubert: Balletmusiek uit „Rosamunde."
5. Schubert-liedere:—
(a) Die Lindenbaum.
(b) Die Wegweiser.
6. Liszt: Les Preludes.

## MATIE-TONEELSPELERS OP KAAPSE PLANKE

Verlede Saterdag het die „Arms and the Man"-geselskap onder leiding van mej. Joyce Burch 'n uiters geslaagde opvoering van dié nou reeds baie bekende drama in Kaapstad gelewer.

Die opvoering maak geskiedenis aangesien dit die *eerste keer* is dat 'n Stellenboschse geselskap 'n toneelstuk in die *Klein Teater* lewer.

Met alle opvoerings is 'n stampvol saal gekry en mense moes selfs teleurgesteld by die deure omdraai. Die gehoor het in beide gevalle baie goed op die spel wat besonder geslaagd was gereageer. Die spelers was in een woord—oortuigend.

Mej. Ina Wagner van Harmonie moes Stellenbosch verlede week verlaat aangesien haar vader ernstig siek is.

*Maties!*
Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.
DIE
**Voortrekker-Apteek**
Andringastraat, Stellenbosch

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
**KWV**
DRUIWESAP
*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies*

*Dames raadpleeg*
*TANT MITA*
*voor u materiaal koop en Bespaar!*
Deftige Tabberds, Jasse en Baadjies.
Recreationsgebou, PLEINSTRAAT.

*MATIES!!!*
**DE CLERK**
DIE DROOGSKOONMAKER
Verseker U van vertroubare dienste.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

**Boeke so Pas Ontvang**

Andre Maurois (Modern Writers Series) David Glass Long .. 4/9
British Dramatists from Dryden to Sheridan — Nettleton .. 19/-
Readings from British Drama — Nicoll .. 9/6
Mathematics for the Million—Hogben .. 15/9
The Universe Around Us — J. Jeans .. 19/-
Science and Music — J. Jeans 19/9
Stars and Their Courses — J. Jeans .. 9/6
Muscular Exercise — G. Eggleton .. 15/9
An Introduction to the Study of Literature — Hudson .. 9/6
Personality and Reality — Turner .. 9/6
The Revelation of Deity — Turner .. 11/-
The Nature of Deity — Turner 12/9
Essentials in the Development of Religion — Turner .. 15/9
Man and His World Part I—Mainwaring .. 5/3
Man and His World Part II—Mainwaring .. 8/-
Stories to Tell from English Literature — Ker .. 5/3

en nog baie ander by die
**C.S.V.-BOEKHANDEL**
STELLENBOSCH.

**Rook Springbok-Sigarette**

# SPORTMANNE IN DIE NUUS

## Henri Cochet

Die wyse waarop talle bekende en beroemde Franse sportfigure deur die politieke warboel in hulle land getref is, het Frankryk se rol in die sportgeskiedenis opnuut onder sportkenners se aandag gebring.

Franse sportlui het in 'n groot verskeidenheid van sportsoorte presteer, maar dit was die Franse tennisspeler wat die hoogste louere verwerf het.

Een van die grootstes onder die grotes in die tenniswêreld was die gevierde Franse speler, Henri Cochet. Van al die bekende kampioene was hy die man met die grootste natuurlike tennisaanleg. Geen ander speler het oor sy blitsvinnige voetwerk en onfeilbare voorgevoel beskik nie. In alle afdelings van die spel was hy 'n meester, en daar is byna geen belangrike tennistitel waarvan hy nie op een of ander tyd die houer was nie. Op Wimbledon het hy die enkelspel twee keer (in 1927 en 1929) en die dubbelspelkampioenskap drie keer (saam met sy spanmaat Brugnon) verower.

Soos alle groot kampioene was Cochet 'n baie temperamentele natuur. Op sy beste was hy 'n onkeerbare speler, maar soms het hy skielik in belangrike wedstryde verslap. Ander slae weer het hy op kritieke punte tot verhaal gekom en opspraakwekkende oorwinnings behaal.

In die half-eindwedstryd vir die Wimbledonse kampioenskap in 1927 b.v. was hy 2—6, 1—6, en 1—5 agter teen die beroemde Amerikaner, Tilden. Toe egter het hy skielik reggeruk, vier agtereenvolgende potte met sestien agtereenvolgende punte gebuit en die laaste drie stelle op 7—5 6—4, 6—3 gewen.

In die eindwedstryd van dieselfde toernooi het hy sewe wedstrydpunte teen Jean Borotra oorleef — die laaste een met 'n baie gelukkige bal wat van die steel van sy raket oor die net gespring het. Borotra was hierdeur so oorbluf dat Cochet die wedstryd daarna maklik in sy guns beklink het.

Cochet was ongetwyfeld een van die grootste tennisspelers van alle tye. 'n Mens wonder wat in hierdie moeilike dae van hom geword het. (S. B.).

## JUKSKEI

Vir die eerstekeer kom die Maties ook in 'n jukskei-botsing teen die Tukkies te staan op die 24ste. Die dag vantevore maak hulle egter eers bietjie litte los teen 'n Gekombineerde span van Heidelberg (Transvaal). Die toerspan: **Dummies Fourie, J. de Villiers, P. Struwig en I. Steyl.**

# Matie-Spanne a.s. Week Reisvaardig

## UITGEBREIDE TOER NA TRANSVAAL

Dit is vanjaar weer die Maties se beurt om besoek te gaan aflê met hulle sportspanne in die noorde. Verlede jaar het beide die Tukkies en die P.U.kaners hulle rieme in Matieland deeglik styfgeloop op feitlik alle gebiede, nadat hulle in 1942 daarin geslaag het om hulle tydelik oor oorwinnings op die voetbalveld te verheug.

Volgens berigte uit Transvaal is die oud-Maties al hard besig om voorbereidings te tref vir die ontvangs van hulle kollegas uit die Suide. Onder die leiding van ds. Ben Marais is die hele klompie van hulle al goed reggedokter vir die groot lawaai van die 24ste, en dit sal seker 'n riem onder die hart veral van die eerste voetbalspan wees om hulle eie liedjies oor die veld te hoor dawer uit die kele van honderde oud-Maties en ander ondersteuners wat daardie dag weer eenmaal jonk word om te deel in die pret en jolyt van vervloë dae.

Altesaam 7 spanne reis gedurende die loop van volgende week na Transvaal af, t.w. die voetbalspan, mans- en damestennisspan, mans- en dameshokkiespan, stoeispan en 'n jukskeispan. Die eerste spanne vertrek alreeds Maandagaand.

## VOETBAL

Ons voetbalspan sal slegs twee wedstryde op die toer afspeel, nl. die Intervarsities teen U.P. en P.U.K. Die wedstryde in die Vrystaat is gekanselleer.

Die Maties sal op Woensdag, 21 deser, hulle reis na Pretoria onderbreek om kragte te meet teen die P.U.kaners se eerste vyftiental. Die sterkte van hulle span is onbekend, behalwe dat daar 'n paar van hulle spelers al vanjaar vir Wes-Transvaal opgetree het. In 1942 toe die twee spanne vir die eerste keer aanmekaar gespring het, het P.U.K. 'n welverdiende oorwinning met 9—6 behaal in 'n wedstryd waarin Stellenbosch alles behalwe die regte ding gedoen het. Wat ook al die uitslag, die Maties sal hard moet spook om te seëvier, aangesien die P.U.kaners in die verlede die bewys gelewer het dat hulle altyd 'n moeilike span is om op die tuisveld te klop. Verlede jaar was die uitslag 17—3 in die Maties se guns op Coetzenburg.

Die knoop lê egter teen Pretoria, wat altyd 'n onbekende grootheid bly. Die Tukkies se span is nou wel nie vanjaar so goed aan gewig bedeel nie, maar hulle beweeglikheid — veral van die voorhoede — vergoed weer in 'n ruime mate hiervoor. Ook maak die Tukkies staat op die inisiatief van 'n vernuftige agterlyn, tot so 'n mate dat hulle nog nie een keer vanjaar in die Klubkompetisie verloor het nie. Dit kan ongelukkig nie altyd van die Matie-agterlyn gesê word nie.

Die wedstryd beloof egter om een van die aanskoulikstes te wees wat vanjaar op die Loftus-Versfeld-terrein afgespeel is. In 1942 was die telling 8—6 ten gunste van U.P., maar verlede jaar het die Rooispan die rekening vereffen met 'n skitterende oorwinning van 14—3. Die toerspan is as volg saamgestel: **J. de Villiers; N. Treurnicht, F. Krone, J. Oosthuizen, D. du Plessis, J. Brink, B. de Villiers; P. van der Walt (kapt.), T. Fourie; D. Snyman, J. Horn, H. K. Reitz, P. van Blerk, C. Munro, J. Hough, J. Burger, D. Hauptfleisch, A. Esterhuizen.**

## TENNIS

Die tennisspan sal sonder die dienste van hulle pronkspelers, Chris Muller en Willem Dempsey, moet klaarkom ,aangesien hulle die toer as gevolg van drukke akademiese werksaamhede nie kan meemaak nie. Veral teen Pretoria sal die Maties die dienste van Muller mis, wat gereeld sorg vir een of twee wedstryde. Al van die ou garde wat op die tennisbaan in aksie gesien sal word is W. Joubert en C. Barnard, wat elk geval hulle so deeglik behoort te laat geld dat 'n oorwinning teen die Tukkies met 'n taamlike mate van sekerheid voorspel kan word. Hulle sal goed ondersteun word deur jonger lede soos Jimmy Schwartz, en J. Krige en B. O'Kennedy wat onlangs die Junior W. P. dubbelspelkampioenskap verower het. Ook in J. Vorster sal hulle oor 'n veilige speler beskik. Die volgende wedstryde word afgespeel: U.P., P.U.K. en 'n Gekombineerde Potchefstroomse span. Die toerspan bestaan uit die volgende lede: **W. Joubert, C. Barnard, J. Schwartz, J. Vorster, J. Krige en B. O'Kennedy.**

Die volgende damesspan is ook gekies: **Joyce Pretorius, E. Fraser, A. Botha, A. de Beer, L. Radloff, F. van der Merwe.**

## HOKKIE

Die manshokkiespan, W.P.-kampioene van verlede jaar, behoort goeie rekenskap van hulleself te gee. Hulle sal teen die volgende spanne te staan kom: U.P., Wanderers, Oud-Skoliere (Pretoria), Gekombineerde Lugskole en Ramblers (Bloemfontein). Die volgende spelers sal die toer meemaak: **J. Reyneke; S. Steyn, J. Uys; B. de Villiers, N. du Toit, G. Cruywagen; L. Theunissen, J. van Vuuren, H. Lambrechts, J. Breedt, Labuschagne. Reserwes: W. Boshoff en G. Steyn.**

Die dameshokkiespan is as volg: **A. Smith; Y. de Villiers, E. de Wet; H. Pretorius, S. Venter, D. Meyburgh; R. Jordaan, E. Lombard, K. Smuts; R. Hugo, M. Stegmann. Reserwes: A. Snyman, A. Lombard.** Wedstryde: U.P., Pretoriase eersteliga-span, Wanderers (Johannesburg), en Ramblers (Bloemfontein) .

## STOEI

Met drie W.P.-kampioene in hulle geledere beskik die Matie-stoeiers oor 'n besonder sterk en goed-gebalanseerde span, wat as volg saamgestel is: J. Haasbroek (bantamgewig); W. van der Merwe (veer); A. van der Merwe (lig); I Marinus (welter); M. Jooste (middel); G. Maas (ligswaar) en J. Gouws (swaargewig). Behalwe die Intervarsity teen U.P. sal hulle kragte meet teen Noord- en Suid-Transvaalse spanne. Veral die wedstryd teen die Suid-Transvaalse span ,wat vyf S.-A. kampioene insluit, behoort stoei uit die hoogste rakke op te lewer. — (J. D. S.).

## TOTSIENS !

Drie van die bekendste Matie-sportmanne, P. van Blerk, J. Herholdt en C. Barnard, verlaat Stellenbosch aan die einde van hierdie semester.

**Pickard van Blerk** was gedurende die afgelope twee seisoene 'n staatmaker in die eerste voetbalspan, en het verlede jaar ook gereeld vir Wes-Kaapland gespeel. Sy vertrek is vir ons span ongetwyfeld 'n groot verlies — maar bepaald 'n aanwins vir Worcester, waar hy vanaf 1 Augustus werksaam sal wees.

**Jannie Herholdt** is die woeligste veergewig-bokser wat die Springbok, J. S. Joubert, van U.P., verlede jaar so 'n warm tydjie in die kryt besorg het. In 1942 was hy die enigste Stellenbosse vuisvegter wat met die Intervarsity in Pretoria 'n oorwinning behaal het.

**Johan (Spoegies) Barnard**, bekende eerstespan tennisspeler, sal vanaf a.s. semester op die redaksie van „Die Burger" werksaam wees. Dit sal 'n gevoelige verlies vir plaaslike tenniskringe wees, aangesien Barnard sedert 1942 gereeld waardevolle dienste gelewer het aan die klub as dubbelspeler. Die moontlikheid bestaan egter dat hy nóg aan die einde van die jaar in die kleure van die Maties gesien sal word. Die sportredaksie, wat hy ook blywend gedien het deur die opstel van enkele „Sportmanne in die Nuus," wens hom tesame met van Blerk en Herholdt alles van die beste toe in hulle onderskeie nuwe werkkringe.

Junie-Uitgawe van „Wapenskou" nou gereed !

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

HALDENWANG
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
(Foon 135)

Voetbal-Kouse
'n Beperkte hoeveelheid Voetbal-Kouse weer in voorraad.
Bestellings kan ook geplaas word vir verdere voorrade.

Dames-Reënjasse
50 Dames Reënjaste so pas ontvang.

Haarolie
Nou weer verkrygbaar: Bonfixa, La Pebras, O'shana Haarolie.
Kan alleen voorsien word mits 'n leë bottel saam ingehandig word.

Ons koop ook leë Enos en Grapine Vrugtesout bottels teen 1/6 per dosyn, ook enige ander wyenek bottels.

Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.
Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 21.

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

Maties !
Die Victoria Katee
Vir
Vars Vrugte
Smaaklike Lekkers
Vriendelike Bediening
Mnr. MALZER
Onthou
Die Biljart Salon